

Gelykvormigheid aan Jesus

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: Eng/Afr. B181a

Skriflesing uit: Rom.8:18-30

Kernvers: 29 –‘Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.’

Wat beteken dit om gelykvormig te wees aan Jesus? Hy is ons alles – ons oorwinning, ons heiligmaking, ons regverdigmaking, Hy is ons lewe!

Ons is verordineer om gelykvormig te wees aan sy Beeld, en wie sal God verhinder hierin? Satan is ‘n verslane vyand, prys die Naam van die Here! Dit is ons bestemming, dit is ons erfenis – om herstel te word tot die oorspronklike beeld waarin God ons geskape het, naamlik in Sy Beeld.

Kom dat ons hierdie saak ondersoek en bepeins vandag. Terwyl ons egter nog in hierdie lewe is, is ons in vyandsgebied. Soos ‘n vis wat uit die water gehaal is; in die water is hy swierig en rats maar op land hulpeloos en magteloos. So ook met ons, solank ons in hierdie wêreld buite die Here Jesus is, sal ons magteloos wees teen die vyand. Sy een doel is om ons te vernietig – om die beeld van Jesus op die aarde uit te wis.

Die Apostel Paulus sê in 11Kor.4:4 dat die god van hierdie wêreld die sinne verblind het van diegene wat God nie ken nie. Soos ‘n blinde persoon wat hulpeloos deur die lewe moet gaan, so is iemand wie se geestelike oë verblind is. Dink maar aan al die ellendes wat daar in die wêreld is.

Terwyl ons wat in Jesus is, verordineer is om te oorwin. Nogtans leef ons in ‘n wêreld van bedrog en oëverblindery, terwyl Jesus reeds vir ons die oorwinning behaal het. Hy IS ons oorwinning en so ook is Hy ons regverdigmaking, ons heiligmaking, en is Hy ons LEWE!